

Mediaverklaring

GDO-toelatingsproses 'n skending van leerders se regte

2021/08/02

“Die Gautengse Departement van Onderwys (GDO) se aanlyn toelatingproses is nou meer kompleks as ooit tevore en ondermyn skole se reg om hul eie beleid toe te pas. Volgehoue pogings om die proses te sentraliseer is 'n ideologiese oefening en glad nie in die beste belang van leerders of skole nie,” sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Die SOS is bekommerd oor die proses vir die registrasie van 2022 se Gr. 8-leerders in Gauteng wat nou eers op 10 Augustus begin. Aansoeke het in die verlede reeds in April of Mei afgeskop. In 2020 is die toelatingsproses met byna drie maande vertraag, met die gevolg dat duisende leerders teen die begin van 2021 steeds nie geplaas is nie. Vanjaar begin die proses nóg later.

Die GDO se gesentraliseerde aanlyn toelatings is veronderstel om die effektiewe bestuur van toelatings vergemaklik. Voortdurende veranderings aan dié stelsel en inmenging deur die GDO, het egter die afgelope vyf jaar daartoe gelei dat meer tyd en mannekrag as ooit tevore nodig is om Gr.1 en Gr. 8 leerders suksesvol by skole in te skryf. Die nuutste aansoekproses se twee fases gaan ernstige administratiewe probleme veroorsaak. Laerskole is nou nie net verantwoordelik vir die inskrywings van nuwe Gr. 1's nie, maar ook vir die verifikasie van Gr. 7-leerders se inligting alvorens hulle by hoërskole kan aansoek doen.

Laerskole het Sondag gehoor dat hulle finale plasing vir die Gr. 1's van 2022 eers op 15 Desember 2021 van die GDO af sal kry. Dít na laerskole se aansoeke eers op 13 September open. “Skole doen gewoonlik baie moeite om nuwe Gr. 1's tuis te maak en voor te berei. Dit sal nou bykans onmoontlik wees,” sê Buys. Alle skole sluit op 15 Desember. 'n Leerder wat in Desember eers hoor hy/sy het nie plek in sy/haar skool van keuse nie, se ouers sal tot Januarie 2022 moet wag om 'n ander skool te vind.

Die skuld vir die plasing-chaos en oorvol skole word veroorsaak deur die GDO wat nie genoeg skole bou nie. Die agterstand met die bou van nuwe skole beteken dat daar 'n tekort is aan 5 554 klaskamers by 723 skole in die provinsie. Verskeie bestaande skole is boonop die afgelope twee jaar gevandaliseer. Die onderwysdepartement probeer nou om gewilde (goeie) skole te dwing om tot 66% meer leerders in te neem as wat bouregulasies, veiligheidwetgewing en skool infrastruktuur toelaat.

Die SOS win tans regsadvies in om vas te stel hoe ons skole en leerders se reg van keuse kan beskerm.

Intussen is ons raad as volg:

- Ouers van leerders wat tans in Gr. 7 is, moet 100% seker maak dat hul selfoonnommers en ander inligting korrek is by die laerskool waar hul kind tans is.
- Maak seker die hoërskool weet dat jou kind daar aansoek doen en dien reeds vooraf alle inligting en dokumente by jou skool van keuse in.

- Ouers moet so gou moontlik aansoek doen, sodra jy 'n sms ontvang op 10 Augustus of as die stelsel op 13 September oopmaak.
- Bewaar waglysnommers sorgvuldig.
- Neem skermskote van probleme en laat weet die SOS van enige ongerymdhede in die aanlyn stelsel.

Vir alle medianavrae:



SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte



012 612 0234



072 123 1707



sarina@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

